

**Maandag 17 Desember**

**Skrifgedeelte: Jeremia 29:1-11**

**Fokusgedeelte: Jeremia 29:11;  
Heidelbergse Kategismus 49:124**

## Gehoorsaam God se wil sonder teëpraterij

As mense bang is vir God se wil, dan is daar 'n groot misverstand, want God se wil is net goed. Dis teen sy sin dat Hy mense in beproewing bring (Klaagl. 3:23). As Israel ge-dink het God se wil is tot hulle nadeel, dan ken hulle nie hulle Hemelse Vader nie. Israel was in ballingskap vanweë hulle sonde. Hulle het die armes uitgebuit, die reg verdraai, die vreemdeling vertrap (die boek Amos).

God se doel met die ballingskap was voorspoed vir hulle. Israel is ver van hulle land in haglike omstandighede, maar God *wil* vir hulle bekering en genesing hê. Hy *wil* vir hulle 'n toekoms. En daarom ... "gehoorsaam God se wil sonder teëpraterij".

Israel het gedink God bluf toe Hy hulle in ballingskap wegvoer uit hulle beloofde land. Hulle sit en wag dat God sy fout moet herstel en hulle huis toe neem. Die profeet Jeremia verkondig dan God se wil aan hulle. Hulle moet hulle daar vestig. Hulle moet trou en hulle kinders grootmaak, huise bou en wingerde plant.

Soos vir Israel, is God se wil vir ons ook dikwels onverstaanbaar en moeilik om te gehoorsaam. Dit lyk so asof dit ons ondergang wil bewerk. Maar Hy *wil* vir ons hoop en 'n toekoms. Hy het ook vir ons hoop en 'n toekoms gegee, omdat Jesus die wil van sy Vader gehoorsaam was en die beker van Getsemane gedrink het.

*Sing: Psalm 73-1:1, 5, 6*

*Ds. Attie Venter (Pretoria-Annlin)*